



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Geagte Ouers

Die nuwe kwartaal is volstoom aan die gang en Hoërskool Fichardtpark is bevoorreg dat ons Fichie-familie vir mekaar omgee. Dit is met groot weemoed dat ons die laaste tyd van die afsterwe van sommige van ons leerders se ouers en grootouers verneem het. Ons dink ook spesifiek aan mnr. Conrad Pienaar wie se vader oorlede is. Ons dra ieder en elk op aan ons Hemelse Vader.

Akademie

Ons akademies is ook aan die gang en al die leerders het rapporte ontvang.

Die gr.8 - 12-oueraand is afgehandel. Ons leerders het oor die algemeen goed presteer. Die gr.9-vakkeuse-oueraande het plaas gevind. Ons dink veral aan ons gr.12-leerders wat op 30 Augustus met hulle rekordeksamen begin.

Die gr.8 - 11-leerders sal in September 'n mini-eksamen skryf.



Kontak Nummer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

Sport

Na aanleiding van die direktiewe soos gepubliseer in die Staatskoerant, het verskeie sportverenigings aangedui dat sport weer mag aangaan. Die gedagte is dat gr.12-leerders tot einde Augustus nog aan sport kan deelneem. Dit sal aan leerders die geleentheid gee om moontlik vir provinsiale spanne in aanmerking te kom. Ander ouderdomsgroepe kan selfs nog in September deelneem. Sodra ons amptelike bepalings ontvang, sal dit aan ouers gekommunikeer word.

Netbal

Baie geluk aan die volgende netbal dogters wat verkies is tot Vrystaatspanne:

o/18

Clarissa Herselman

o/17

Amy Jacobs

o/16

Karabo Nyakana

o/15

Anel Standers

Gilden Valentine

Landloop

Baie geluk aan die volgende 2 leerders wat aan die Vrystaat Kampioenskappe deel geneem het:

Lize Ackerman (11de) en Mianda Nel (4de).

Skiet

Die skuts is al besig met hulle derde liga-byeenkoms. Sterkte aan al die leerders wat aan die semi-finale en finale gaan deelneem.

Koor

Ons koor is hard aan die werk en maak ons baie trots met hulle inisiatiewe om selfs tydens die grendeltydperk aanlynkonserte te hou.

Produksie

Geluk aan ons leerders wat die skoolproduksie, *Roekeloos*, op die planke gebring het. Dankie aan Me. Emmarentia Botes wat aan die hoof van hierdie produksie gestaan het. Ons wil ook vir juf. Jean-Mari Lombard en die puik Fichie-akteurs gelukwens met die prestasies wat hulle tydens die ATKV-tienertoneelkompetisie behaal het. Die toneelstuk genaamd, *Auntie Sosiaal*, is voorwaar iets waarop ons baie trots is. Hulle behaal die volgende prestasies:

- goud vir die teks en
- silwer vir die produksie sowel as die regie.

Astro-nomiese projek

Hierdie fondsinsamelingsprojek eindig finaal op Vrydag, 27 Augustus. 'n Opregte woord van dank aan elke leerder se bydrae tot die sukses wat met hierdie projek behaal is. Ek het die volgende uitdaging aan die leerders gerig: indien hulle R200 000.00 insamel, sal ek heeldag op die dak sit. Fichies het beslis nie op hulle laat wag nie en ek het inderdaad Vrydag, 13 Augustus op die dak deurgebring. Baie geluk aan die prysweners wat Vrydag aangekondig is. Ons staan ook tans met ons "Square Projek" op 'n mooi bedrag van R90 000.00. Hierdie projek beoog om 'n vierkante meter van die Astro teen R600.00 te verkoop. Kontak gerus die Finansiële kantoor vir meer inligting. Ander fondsinsamelingsprojekte sal bekend gemaak word.

kykNET Skole Top 10-opname

kykNET het ons skool op Vrydag, 13 Augustus besoek. Ons hou u op hoogte van wanneer hierdie uitsending sal plaasvind.

Geestelike week

Die geestelike week het plaasgevind op Maandag 16 Augustus tot Vrydag 20 Augustus. Baie dankie aan Me. Liesbet Pretorius vir hierdie pratige inisiatief. Die VCSV reël die program.

Leerderraadsverskiesing

Sterkte aan die gr.11-leerders wat vir die Leerderraad van 2022 verkiesbaar is. Hierdie verskiesing vind plaas op Donderdag 26 Augustus.

Covid-19

Hoërskool Fichardtspark se Covid-19 getalle lyk tans as volg.

- Gr.8: 2
- Gr.9: 3
- Gr.10: 2
- Gr.11: 1
- Gr.12: 1
- Personeel: 0
- Totaal: 6

Ons verseker hiermee ons ouers dat alle Covid-19-protokolle steeds streng nagevolg word.

Slot

Ons is só afhanklik van ons Hemelse Vader in hierdie onsekere tye en dra elke gesin aan Hom op.

Fichie-groete



H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF
2021-08-23